higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN680**(A)**(N6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

6 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

VRAESTEL	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 uur**	**200**
AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE	**1 uur**	**100**
TOTAAL	**3 uur**	**300**

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

30 MINUTE WORD TOEGELAAT OM DIE INSTRUKSIES TE LEES

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES AANDAGTIG VOORDAT DIE VRAESTEL BEANTWOORD WORD – TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat nie gereed en betyds is vir die TYDNOUKEURIGHEIDS-TOETS (VRAAG 1) nie, sal slegs toegelaat word om die eksamenlokaal binne te kom ná die verstryking van die TIEN MINUTE toegelaat vir die toets.

2. Kandidate word toegelaat om VRAAG 1, die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS, deur te lees 3 MINUTE voor die aanvang van die eksamen.

3. Die toets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Ná die toegelate TIEN MINUTE sal die toets deur die toesighouer ingeneem en geteken word. Dit sal bewaar word tot na afloop van die eksamensessie waarna dit in jou teenwoordigheid in jou EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

5. Beantwoord AL die vrae.

6. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor en druk.

7. Herwin die briefhoof wat gestoor is as VRAAG 3 op jou datadisket/hardeskyf.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

Jy het die volgende ontvang:

1. Inligting oor die vrae

2. Aantekeninge oor die vrae

3. Oudiokasset of oudiosagteware

LET WEL:

1. Indien jy 'n oudiokasset gebruik, rol dit terug voordat jy met die transkripsie begin.

2. Voltooi die inligting wat gevra word in die AANTEKENINGE BY DIE VRAESTEL.

DRUK

1. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

ALGEMEEN

1. Jy mag 'n rekenaarliniaal, woordeboek, ASCII-kodes en die templaat gebruik.

   GEEN NOTAS OF NIETOELAATBARE MATERIAAL MAG IN HIERDIE ARTIKELS AFGESKRYF OF VERSTEEK WORD NIE.

2. Gebruik slegs COURIER NEW 12 pt tensy anders aangedui in die vraestel.

3. Werk vinnig om die vraestel betyds te voltooi.

4. Stoor jou werk gereeld om verlies van ingesleutelde data gedurende 'n kragonderbreking te voorkom. Slegs die duur van die kragonderbreking sal addisioneel toegelaat word – GEEN EKSTRA TYD VIR VERLIES VAN WERK SAL TOEGELAAT WORD NIE.

5. Indien 'n rekenaar of drukker breek, sal die toesighouer die nodige reëlings vir jou tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal bykomend toegelaat word.

6. Sleutel die VRAAGNOMMER sowel as jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN VRAE SONDER EKSAMENNOMMERS SAL GEMERK WORD NIE**.**

Kopiereg voorbehou

7. Gee die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

   7.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat gemerk moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL.

   7.2 Disket (floppie/stiffie) – behoorlik gemerk met jou EKSAMEN-NOMMER. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet toesighouer(s) werk kopieer na 'n kompakskyf/geheuestokkie en dit dan dadelik verwyder vanaf die hardeskyf/netwerk. Studente se antwoorde moet bewaar word vir ten minste 6 MAANDE.

   7.3 Die teruggewende kasset.

   7.4 Alle ander DRUKSTUKKE. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die lokaal geneem word of in vullishouers geplaas word nie.

8. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat te verskaf, is 'n oortreding van die eksamenreëls en word in 'n ernstige lig beskou. Indien jy jouself skuldig maak aan so 'n oortreding, sal daar teen jou opgetree word.

WAG OP DIE INSTRUKSIE VAN DIE

TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

		TYD	PUNTE
VRAAG 1	**TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS**	**10 MINUTE**	**20**
VRAAG 2	**TABEL**	**19 MINUTE**	**30**
VRAAG 3	**OMSENDBRIEF**	**34 MINUTE**	**55**
VRAAG 4	**MEMORANDUM**	**24 MINUTE**	**40**
VRAAG 5	**KOLOMME**	**21 MINUTE**	**35**
VRAAG 6	**AFRIKATAAL**	**12 MINUTE**	**20**
TOTAAL		**120 MINUTE**	**200**

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER

DIE INSTRUKSIE GEE NIE

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: 1.5 (1½) of 2 SPOED: 45 w.p.m. (minimum vereiste)	PAPIER: A4 WOORDBREKING: Nee JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS hier onder moet slegs EEN KEER ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir 'n spoed van 45 en 50 woorde per minuut.
3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER in as 'n kopskrif.
4. Stoor as V1 en druk die dokument.
5. Jou toets moet aan die BEGIN van die eksamen deur die toesighouer ingeneem en op AL die bladsye geteken word.

Maatskappye ondersteun dikwels hul werknemers deur hulle finansieel by te staan met 'n waarborg, kollateraal, 'n huistoelaag of maandelikse subsidie om hulle te help om 'n huis te koop. Dit is belangrik om uit te vind of jou maatskappy 'n behuisingskema vir werknemers het wat jou met jou huislening kan help.

Wanneer jy eiendom koop, moet jy 'n deposito van vyf persent van die waarde van die eiendom betaal. Jy moet ook kontant betaal vir die koste van die registrasie van die verband en om die eiendom na jou naam oor te dra. Dit is ook gewoonlik sowat vyf persent van die waarde van die eiendom.

As jy nie genoeg geld vir die deposito het nie kan ons jou help. Al wat jy moet doen, is om 'n spaarrekening by 'n bank oop te maak en om gereeld te begin spaar. As dit moontlik is, spaar elke maand 'n vaste bedrag vir sowat nege maande.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Eiendom is vermoedelik tans die veiligste belegging in die wêreld. En aangesien 'n huis as belegging ook 'n dak oor jou kop kan beteken, hoekom nie een koop nie? As die aanvanklike stryd met prokureurs en rentekoerse verby is, is dit altyd makliker om 'n bank te hanteer as 'n moeilike huiseienaar.

Soms kan 'n belegging binne 'n paar jaar verdubbel of verdriedubbel. Maar selfs al gebeur dit nie is jou geld ten minste beskerm teen die meeste ander ekonomiese gevare – die prys van eiendom daal feitlik nooit onder die koopwaarde nie. Kan enigiets anders op aarde hierdie soort finansiële sekuriteit verskaf?

Ja, dis makliker gesê as gedaan – om te begin moet jy 'n aansienlike bedrag spaargeld en ook 'n redelike deposito hê. Daar is die hele jaar deur oral eiendomskoue waar 'n mens eerstehandse inligting oor nuwe projekte kry. Raadpleeg die geklassifiseerde advertensies.

Met Home kan jy deur duisende huisverkope oor die hele Suid-Afrika soek vanaf enige plek waar jou slimtoestel 'n sein het. Soek iets waarvan jy hou, kyk na die ligging op die kaart en kry roete-aanwysings. Verder kan 'n mens ander inskrywings sien as jy 'n huis naby 'n spesifieke bestemming soos 'n skool of jou werk soek.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

Home maak dit maklik met kitsvoorafgoedkeuring vir aansoekers wat kwalifiseer. Die bekostigbaarheidsbepaling wat aanlyn gedoen word en op jou huidige finansiële situasie gegrond is, bied onmiddellik 'n akkurate idee van wat jy kan bekostig.

45 w.p.m.

Dit sluit ook depositovereistes in sodat daar geen verrassings is nie. Daar is ook hulpmiddels soos die eiendomsverslag wat 'n aanduiding gee van wat jy kan verwag en

50 w.p.m.

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 19 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel (Behalwe waar anders aangedui)	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Nee JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif. 2. Neem ALLE proefleestekens in ag. 3. Proeflees, stoor as V2 en druk die dokument. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Statistiekverslag gesps hfls, o/streep, vetdruk, sentreer, Verdana 16 pt

‡

Spaar is 'n ∧ "rugsteun" vir die lewe se onsekerhede en ∧ finansiële gee 'n mens 'n gevoel van sekuriteit & gemoedsrus. voluit kursief

‡

Skakel mnr. Rakomane by 073 723 1850 vir navrae kursief

Kandidaat: Sentreer kolomopskrifte horisontaal en vertikaal.
Alle kolomopskrifte moet in hoofletters en vetdruk wees.
Alle syfers moet regsbelyn wees.

loop aan

Soorte spaar (loop aan)	~~spaar~~ Getal mense wat so 'n ~~rekening~~ het		stet NR
Depositorekening	2016	2017	2018
Jumbospaar	524	920	789
Beloningspaar	489	324	456
Aftreeplanne	478	423	126
Gesondheidspaar	120	456	123
Vaste deposito	120	426	489
Lewensdeking sp	896	846	478
Begrafnisdekking	258	153	352

‡

Skuif

VRAAG 2 (VERVOLG)

loop aan

Totale getal mense [in / land wat [rekeninge open NR			Nasionale persentasie [met spaarrekeninge ~~planne~~ skrap NR		
2016	2017	2018	2016	2017	2018
100	459	600	25%	63%	49%
300	325	500	68%	39%	69%
500	478	590	56%	86%	26%
500	786	980	56%	78%	78%
811	459	258	87.5%	69.9%	96%
966	789	368	19%	69%	42%
621	452	486	55%	35%	69% trs

[30]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 34 MINUTE **PUNTE: 55**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe	PAPIER: Briefhoof WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif.
2. Herwin die briefhoof gestoor as VRAAG 3 op jou datadisket/hardeskyf.
3. Neem ALLE proefleestekens in ag.
4. Proeflees, stoor as V3 en druk die dokument.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidate:

1. Voeg paragraafnommers in met TWEE letterspasies soos aangedui en keep in.
2. Alle paragraafopskrifte wat onderstreep is, moet in hoofletters en kursief wees.
3. Voeg enige kolpunte in. Kolpunte moet onder opskrifte ingekeep wees met TWEE letterspasies.
4. Voeg die volgende voetnota soos aangedui in kursief in: Spaargeld spaar lewens

‡

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in

‡

Aan alle rekeninghouers bk

‡

Voordele van spaarrekeninge[1] bk, vetdruk, sentreer

‡

3. Jou geld is maklik bekombaar [Jy kan / geld in jou spaarrekening maklik kry as jy dit nodig het. Jy onttrek net die geld gedeponeerde om onverwagse uitgawes te dek. NP trs

1. Verdien rente op jou spaargeld [Die eerste & belangrikste voordeel NP voluit van 'n spaarrekening is dat dit rente op gedeponeerde geld verdien. 'n Spaarrekening verdien rente en betaal jou geld, wat bereken word deur / rentekoers te vermennigvuldig met / bedrag geld gedeponeer en word in stand gehou in jou rekening. ~~geld~~ sp stet

2. Dit dien 'n doel [Die Spaarrekening hou jou ~~beleggings~~ weg van jou ander geld soos kontant, tjekrekeninge of langtermynbeleggings. NP

Skuif

Voeg 'n bladsybreuk in

VRAAG 3 (VERVOLG)

4. Jou geld is veilig [’n Spaarrekening by enige bank of instelling onder regerings beskerming help om jou geld veilig te hou. NP

5. Geen risiko nie [Soos genoem is ’n spaarrekening seker een van die ∧ maniere om sonder enige risiko te belê. NP ∧ veiligste

6. Stel outomatiese deposito's [Om spaargeld af te knyp van jou daaglikse uitgawes ~~inkomste~~ en verantwoordelikhede kan ’n moeilike gewoonte wees. NP skrap loop aan
Maar ’n spaarrekening het nog ’n voordeel wat dit kan oplos.

‡
Kandidaat: Voeg ’n dubbelrand om die teks
Spaar is die beste gesp hfls, vetdruk, sentreer

M Sigasa Rekenmeester Sit korrek uiteen

[55]

VRAAG 4: MEMORANDUM

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif. 2. Neem ALLE proefleestekens in ag. 3. Proeflees, stoor as V4 en druk die dokument. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Memorandum Verdana 16 pt, gesp hfls, vetdruk, sentreer
‡
Kandidaat: Voeg horisontale lyne in soos aangedui

---

‡
Aan: (tab x3) Alle klante } bk
Van: (tab x3) R Rose } d/r
Datum: (tab x2) vandag se datum in dalende volgorde
┼

---

‡
→Skuif
‡
Voluit ~~banke~~
Vanaf 2018-11-01 het finansiële ~~instellings~~ / koste van verskeie spaarplanne stet
op promosie asook die heffing op goedere verhoog. Geen voorsiening is in / NP
huidige begroting vir hierdie statutêre verhoging gemaak nie. o/streep
‡
Daar is in formele en formele maniere om jou geld te spaar en te laat groei.
Die gebruik van instellings finansiële en banke is / gewildste manier om geld trs
te spaar terwyl stokvel en groepspaar informele maniere is. kursief
‡

Spaarmetodes bk, sentreer

VRAAG 4 (VERVOLG)

Vinnige wenke om effektief te spaar bk, onderstreep

‡

1. Pas die beginsel toe van "betaal jouself eerste", wat beteken dat jy eers ~~betaal~~ spaar en dan bestee. loop aan skrap
2. Moenie meer uitgee as wat jy verdien nie.
3. Vermy onodige skuld. sp
4. Onderskei ∧ tussen verantwoordelikhede, ∧ duidelik noodsaaklikhede en behoeftes.
5. Bly altyd bewus van jou spaardoelwit.

e/r

Kandidate: Vervang paragraafnommers met kolpunte van jou keuse en keep in

[40]

VRAAG 5: KOLOMME

TYD: 21 **PUNTE: 35**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Enkel, behalwe waar anders aangedui	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif.
2. Neem ALLE proefleestekens in ag.
3. Proeflees, stoor as V5 en druk die dokument.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Bly doelgerig Bradley Hand ITC 18 pt, bk, sentreer

‡

Finansiële stabiliteit is 'n top prioriteit vir baie van ons en aan / einde van elke jaar hersien ons ons koopgewoontes in / hoop op groter finansiële sukses in / komende jaar. [Teen die middel van / jaar is ons nog ver van / doelwitte van / begin van die jaar omdat die volgehoue swak ekonomiese toestande druk op ons plaas. kursief NP o/streep

‡

Skuif

‡

Kandidaat:

1. Voeg paragraafnommers in met TWEE letterspasies soos aangedui en keep in.
2. Skep TWEE gelyke kolomme. Die afstand tussen die kolomme moet 1.27 cm/0.5" wees met 'n vertikale lyn tussen kolomme.
3. Genommerde paragrawe in kolom 1 moet met die genommerde paragrawe in kolom 2 ooreenstem.
4. Vetdruk die teks in kolom 1.
5. Voeg bladsynommers in die middel onderaan in.

Die plan gesp hfls, vetdruk, sentreer

Kolom 1

1. Hou 'n vergadering met ~~jou bank en~~ jouself. 2. Hersien jou doelwitte. 3. Stel 'n aksieplan met sper○datums. 4. Trek jou basiese ~~inkomste~~ ~~uitgawes~~ van jou maandelikse inkomste af. 5. Wees ingelig. skrap stet

VRAAG 5 (VERVOLG)

Kolom 2

1. Ontleed jou inkomste en uitgawes omdat dit jou sal help om te verander. [2. Maak seker jy sit 'n spaarbedrag opsy. [3. As jou NP
uitgawes maand elke jou inkomste oorskry, moet jy afskaal. trs
[4. Kweek die gewoonte om gereeld finansiële artikils te lees NP sp
en meer van geld te leer. [5. Wees mededeelsaam. NP loop aan
Om te gee bemagtig jou ondanks terugslae.

[35]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 12 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Dubbel (2)	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as kopskrif.
2. Sleutel die volgende teks in presies soos dit is.
3. Moet nie die woorde aan die einde van 'n reël afbreek nie, maar sleutel die hele woord in op die volgende reël.
4. Proeflees, stoor die dokument as V6 en druk.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kuvana xitifikhet (papilla ravumbhoni), swiveka vaxavi ida xiyimo xo antswa ku kanela swiyimo swa mintengo yo xaba hikokwalaho swinika muxavisi matimba/ntshembo wa leswaku bangi yita pasisa xikombelo xo xava yindlu.

Loko swahatetanu, lavangana swikweleti swintsongo na mali yo hunguta xikweleti, hivona vanga tafikelela nxavo wa yindlu ya lehenhla hikokwalaho ka ntseng wo hunguta xikweleti.

Tihakelo tale hansi ta tiyindlu ta swikweleti ti nyiketa valombi ntshuxeko

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

OUDIOTRANSKRIPSIE

WERK VINNIG EN NOUKEURIG.

		TYD	PUNTE
VRAAG 7:	**PARAGRAWE**	**24 MINUTE**	**40**
VRAAG 8:	**AANSOEKBRIEF**	**18 MINUTE**	**30**
VRAAG 9:	**ADVERTENSIE**	**18 MINUTE**	**30**
TOTAAL		**60 MINUTE**	**100**

Kopiereg voorbehou

OUDIOTRANSKRIPSIEVRAESTEL

INLIGTING AANGAANDE DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Jou bestuurder oorhandig aan jou 'n kasset met opgeneemde take wat jy binne 'n uur moet voltooi terwyl hy/sy weg is.

1. Jou eerste taak **(VRAAG 7)** is om die **PARAGRAWE** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   eiendom; voorafgoedgekeurde; eiendomswebtuistes

2. Jou tweede taak **(VRAAG 8)** is om die **AANSOEKBRIEF** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   banktakbestuurder; geadverteer; gekwalifiseerde; ondervinding; vereistes; geleentheid

3. Jou derde taak **(VRAAG 9)** is om die **ADVERTENSIE** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   verantwoordbaar; dissipline; effektiewe; metings

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: PARAGRAWE

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif.
2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ...
3. Die leestyd is ±20 minute.
4. Proeflees, stoor as V7 en druk die dokument.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

[40]

VRAAG 8: AANSOEKBRIEF

TYD: 18 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif.
2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ...
3. Die leestyd is ±15 minute.
4. Proeflees, stoor as V8 en druk die dokument.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: ADVERTENSIE

TYD: 18 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 2.54 cm/1" Regs: 2.54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Ja JUSTERING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in as 'n kopskrif.
2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ...
3. Die leestyd is ±15 minute.
4. Proeflees, stoor as V9 en druk die dokument.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG

[30]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou